NG STUDENTE GEMEENTE BLOEMFONTEIN

2015 VOLUME 1

Afrika Uitreik 2014

Die Afrika Uitreik het in 2014 vanaf 24 November tot 20 Desember plaasgevind. Die span het bestaan uit 23 Studente en Shaun Darker as Geestelike leier. Die span het deur Botswana na Zambië gereis waar die eerste projek was by Magwero, die skool vir blindes en dowes. By Magwero het die span 4 klaskamers en die eetsaal gerestoureer. Daarna het die span die Home of Hope kinderhuis in Malawi besoek. In 2014 is daar 'n nuwe projek aangepak, en die span het in Mosambiek by die Maforga sendingstasie aangegaan. Die sendelinge daar, Roy en Trish Perkins doen ongelooflike werk daar en herbou na die oorlog. Die span het daar ook gehelp met 'n bouprojek. Tussendeur het daar huisbesoek plaasgevind in Zambië en Malawi en ongeveer 80 bybels is aan mense met behoefte daarvoor gegee.

Die span het na die 27 dae lekker moeg, maar verskriklik vervuld weer in Bloemfontein aangekom. Dit was ongelooflik geseënd, en dit was 'n groot voorreg om Jesus se hande en voete te wees in Afrika waar daar soveel nood is.
Psalm 115:1 "Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys"

EREDIENS TYE

Elke Sondag

Sotho Diens – 11:30

Afrikaans – 18:00

Engels – 18:00

Kontak ons:

Marie Zietsman
Skriba
Besprekings kan gedoen word vir alle fasiliteite
Riëtte Labuschagnè
Finansieël
Enige navrae oor nuusbrief of verskillende Aksies
kovsiengkerk@telkomsa.net
Tel: 051-4442981

Helios

Helios is die lof en aanbiddings span van die NG Studente Gemeente in Bloemfontein. Helios bedien die gemeente weekliks deur musiek en is verantwoordelik vir die musikale deel van die eredienste. Die orkes bestaan uit sangers, kitare, bas kitare, klavier en dromme.

Helios bedien nie net die tuisgemeente nie, maar ook ander gemeentes. Ons was in 2014 onder andere in Senekal en Kimberley waar ons die sang gelei het. Ons bedien ook by skole en kampe. Dit is 'n groot voorreg om deur musiek die naam van die Here te prys en met Godgegewe talente iets terug te gee.

Vir besprekings en tariewe kontak gerus die volgende persone:

Werner Nel **084 627 6283**
Monique Ferreira **079 907 9341**

You are enriched in everything for all liberality, which causes thanks giving through us to God. For the administration of this service not only supplies the needs of the saints, but also is abounding through many thanksgivings to God

2 Corinthians 9:11, 12

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die wat gedurende die komende week, asook die vakansietyd, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees

Eersterivier Stranddiens-verslag 2014/15

Handelinge 20:35 leer: “Om te gee, maak ‘n mens gelukkiger as om te ontvang.” Op 11 Desember 2014 het 20 jongmense van die NG Studentegemeente Bloemfontein na Eersterivierstrand vertrek om te gaan leer wat dié woorde beteken. Om drie weke weg van die huis te wees – en dit nogal oor Kersfees en Nuwejaar – sit nie in enige student (of studente-ouer!) se broek nie.

Die hoofdoel van ‘n stranddiensspan is om verhoudings met die vakansiegangers te bou en ‘n reeks aktiwiteite aan te bied vanuit ‘n Christelike grondslag. Om dit te kan doen, is dit egter nodig dat elke dag op die regte manier geopen moet word: daar is elke oggend voor ontbyt tyd ingeruim vir persoonlike en groepsbybelstudie. Ds. Danie du Toit het as geestelike leier en mentor van die span gedien en hom uitstekend van sy taak gekwyt. Die spanlede is ook aangemoedig om elke dag iewers ‘n tydjie in te ruim om saam met hul bedes te bid.

Eersterivier Stranddiens was bevoorreg om vir 3 dae saam met Karpos te kon kuier voordat hul hul vertoning op Sondagaand 14 Desember 2014 gelewer het. Daar is gedurende die naweek stokbrood gebraai, lofprysing op die strand gehou en ‘n eerste kerkdiens gelewer. Op Maandag 15 Desember 2014 is daar afgeskop met die poppekas. Behalwe vir Brenda, haar boetie Willem, Pa, Ma en Ouma het Sven, Oupa Klip en Olaf die kinders elke weeksoggend op die strand vermaak. Sven, Oupa Klip en Olaf is spesiaal gemaak om aan te sluit by die stranddienstema. “Chozen” – afgelei uit die fliek “Frozen”. Behalwe vir elke spanlid se grys kraaghemp is elke lid ook voorsien van 3 T-hemde (rooi, groen en blou) – elk met ander prentjies uit die fliek “Frozen” – tot groot vermaak van die kinders! Die kleinspan wou pal by die spanlede weet waar hul dan nou ook sulke hemde vir hulle kan gaan koop!

Die Eersterivier-banner is oudergewoonte geverf: ‘n tradisie wat die kleinspan baie geniet veral wanneer hul ook die spanlede met ‘n verfkwas kan bydam! Vir die ouer kinders is daar elke dag direk na die poppekas strandspele aangebied: van *Wolf, Wolf, hoe laat is dit?* tot *Red Rover* tot *Vroteier, Kat en Muis, Driebeenspring* en *Krappe & Kraaie* – daar was ‘n menigte speletjies om uit te kus en te keur. Daar is 5 kompetisies deur die loop van die 3 weke aangebied: die strandkasteelkompetisie, *Survivor*, waterkaskenades, boeresport en ‘n kinder-skattejag. Die strandspele is gevolg deur *touchies* en strandkrieket (laatoggende) en volleyball (laatmiddae).

Die volleyball het heelwat aftrek gekry wat bevestig is deur die baie suksesvolle volleyball-toernooi gedurende die laaste week. Al het die weer die *touchie*-toernooi effens gedemp, kon die jongmanne steeds na hartelus speel en nou wel nie stof nie, maar darem seesand in mekaar se oë skop!

Die aande is afgewissel met verskeie aktiwiteite soos sokkies, ‘n bordspeletjiesaand, ‘n vasvrae-aand, ‘n talentaand, *Minute to Win it*, lofprysing en Bybelstudie-aande sowel as fliekaande. Die span het twee spandae sowel as die tradisionele boetie- en sussiedag geniet. Tydens die eerste spandag is Plettenbergbaai besoek sowel as die *Bird* en *Monkey Sanctuaries* in die nabygeleë omgewing. Die tweede spandag het op Nuwejaarsdag geval en is rustig deurgebring by Oubos en die Padstal. Wat boetie- en sussiedag betref: die sussies het die boeties met ‘n piekniek by die dam van die Regyne-proteaplaas bederf en die boeties het die sussies gaan bekendstel aan Nina’s by Jeffreysbaai se befaamde pizzas.
Soos altyd was die Kersspel weereens ‘n treffer. Daar is van ‘n nuwe teks gebruik gemaak – Jaco Thom se *Die Herbergier*, ‘n verhoogstuk wat die Kersverhaal uit die oogpunt van ‘n herbergier vertel. Diegene wat nie direk betrokke was by die Kersspel nie kon elke middag tussen 14h en 16h ‘n heerlike middagslapie geniet! Kersfees is ‘n hoogtepunt op die Eersterivier-kalender: Sinterklaas en sy helpertjies besoek jaarliks al die huise in Eersterivier om geskenkies uit te deel. Later die aand stap al die spanlede deur die strate van Eersterivier en sing Kersliedere vir al die inwoners. Die daaropvolgende dag word die spanlede twee-twee of meer by huisgesinne ingedeel om saam met die vakansiegangers te eet en te kuier. (Hoewel die rowwe see en baie skuim ‘n paar spanlede bykans verhoed het om by hul gasheerhuise in die Engelse Baai uit te kom!) Dit is egter baie belangrik dat die stranddiensspan nie net na hul onmiddellike omgewing uitreik nie, maar ook na die breër omgewing. Daar is twee maal uitgereik na die breër publiek: die klimrame by die Zuuranys Primêre Skool is geverf en ‘n rugby- en speletjiesdag is aangebied by die Kruis-gemeenskap. Tydens die geleentheid is daar ook ongeveer 100 pakkies uitgedeel wat kos en ‘n paar basiese lewensbenodigdhede bevat het.
26 Desember 2014 is sekerlik ‘n dag wat nog lank deur baie spanlede onthou sal word: die dag toe 3 van die spanlede deur die ontstuimige see van hoë rotse afgeslaan is en baie seer gekry het. Die Eersterivier-gemeenskap se omgee en besorgdheid oor die drie manne het egter boekdele gespreek. Die dokter van Kareedouw het tereg laat weet dat sy dink dat sy gedurende die volgende feesseisoen haar praktyk maar in Eersterivier moet oopmaak; aangesien sy veel meer voordeel uit Eersterivier trek!

Die oujaar is afgesluit met ‘n *Last Race of the Year* (5km en 10km), ‘n oujaarsdiens sowel as ‘n kruisbrand op die strand. Dit was nie ‘n maklike taak om afskeid te neem van mense met wie ‘n mens vir 3 weke lank ‘n pad gestap het nie. By ‘n strandoord so klein soos Eersterivier klim die mense, die omgewing, die alles sommer vinnig-vinnig in ‘n mens se hart in. Die span is egter opgewonde oor almal wat aan die einde van die jaar weer wil terugkeer na Eersterivier om of in leiersposisies te staan of om bloot nog ‘n keer te kom dien. Eersterivier is inderdaad ‘n plek en ‘n familie wat op ‘n mens groei. Jy kan nie net een keer gaan nie. Eintlik ook selfs nie twee keer nie. Hy roep jou dikwels vir ‘n derde keer terug…. *Soli Deo Gloria*

LESOTHO-UITREIK

Die N.G Studentekerk Bloemfontein stuur jaarliks tydens die Junie vakansie ‘n uitreikspan na Lesotho. Die gemeenskappe wat vanjaar besoek gaan word is nog nie vasgestel nie. Die doel van die uitreik is om die mense van die gemeenskappe geestelik en – sover moontlik – ook fisies te ondersteun en te versterk. Die Lesotho-uitreik sal vanjaar vanaf 24 Junie tot 3 Julie plaasvind.

Ongeveer 50 studente durf die winterkoue van Lesotho aan, word vir 10 dae deel van ’n gemeenskap en pak verskeie projekte aan. Hierdie projekte sluit in:

- Om die inwoners van die gemeenskappe te dien deur te help met huishoudelike take en los werkies in en om hul huise.
- Om herstelwerk aan die kerke wat ons besoek te doen.
- Om ’n vakansieprogram vir kinders aan te bied, waar ’n poppekas, stories en speletjies gebruik word om die evangelie op ’n eenvoudige en verstaanbare manier aan hulle oor te dra
- Om die evangelie te versprei deur die wys van ’n Jesus-film.
- Om die inwoners van die gemeenskappe geestelik te bedien deur middel van huisbesoeke. Tydens hierdie besoeke word die evangelie op ’n meer intieme wyse oorgedra en word daar vir die individue en die gemeenskap gebid.
- Om ’n beperkte aantal Bybels te versprei na waar dit die nodigste is.

ONS VISIE

“I want to be your hands and feet, I want to be your voice everytime I speak, I want to run to the ones in need in the name of Jesus”

Donasies

Ons benodig asseblief enige hulp om die verskillende Uitreike te ondersteun.

Donasies vir NG Studente Gemeente Bloemfontein kan gemaak word direk in ons ABSA Tjekrekening 1570581100 of navrae kan gerig word aan:

Riëtte Labuschagnè
ngstudentegemeente@telkomsa.net
Tel: 051-4442981

Riëtte Labuschagnè
Samesteller/Redaksioneel:
ngstudentefinans@telkomsa.net
NG Studente Kerk Bloemfontein
Tel: 051 444 2981
Faks: 086 555 2362

Die volgende Uitreik gaan plaasvind!

Lesotho Uitreik

24 Junie 2015 – 3 Julie 2015

Navrae skakel asseblief
Anneè van der Merwe 082 326 6358
Jandrè de Beer 084 603 4734

Staptoer

3 Julie 2015 tot 13 Julie 2015

Staproete: Quatiniqua